Predikante Pensioenfonds

8 November 2018

Aan: Alle Leraars en Werkgewers van die NG Kerk van Transvaal

Geagte Leraar en Werkgewer

KONTAKBESONDERHEDE VAN LERAARS OP DIE WEB

Wetgewing plaas toenemend druk op fondse en langtermyn versekeraars om direk met fondslede te kommunikeer. Daar is drie stukke wetgewing hieroor:

1. *Revised Policy Protection Rules* (gepubliseer in die Staatskoerant 15 Desember 2017)
2. *Protection of Personal Information Act* van 2013 (POPIA)
3. Artikel 7D(1) van die Pensioenfondswet (waarvan *Information Circular PF2* van 2016 'n uitvloeisel is)

Reël 13 van die *Revised Policy Protection Rules* wat handel oor die inligting wat versekeraars van lede moet hê om sodoende met hulle te kommunikeer (en ook te verseker), is eers van krag op 15 Desember 2019 terwyl die POPIA wetgewing waarskynlik eers teen die einde van 2019 van krag sal kom (alhoewel die wetgewer reeds die beginsels van die POPIA wetgewing toepas). Bostaande wetgewing beskerm die persoonlike inligting van lede maar gaan ook fondse en versekeraars verplig om direk met lede te kommunikeer. Ons wil reeds vroeg die regte ding doen.

WERKGEWERS

Omdat alle werkgewers van die vier deelnemende sinodes van die NG Kerk van Transvaal reeds op die Sanlam *Retirementfundweb* geregistreer is (om sodoende premies en bydraes oor te betaal) behoort dit vir werkgewers baie maklik te wees om hul leraars se selfoonnommers en epos adresse op die web aan te bring. Kan ek u versoek om dit so spoedig moontlik te doen en wel op die 15de November wanneer die web weer oopmaak vir die volgende betaallopie? (U kan dit op die *monthly contribution schedule* doen voordat u die bydraes en premies magtig).

Reg nr 12/8/3699/2 Pretoriusstraat 1200 Hatfield, 0083
Posbus 13528, Hatfield, 0028
Pensioenbestuurder: TP Smith
E-pos : theo@pensioene.co.za
Tel : 012 342 0415
'n Deelnemende Fonds van die Sanlam Sambreelfonds

LERAARS

Indien u nog nie op die web geregistreer is nie (vir persoonlike toegang tot u fondsvoordele en nie vir die tipe toegang soos wat werkgewers tans het nie) versoek ek u om dit asseblief so gou as moontlik te doen. Hieronder is die stappe wat u moet volg:

Web registrasie

1. Gaan na www.sanlam.co.za en kliek op *Login* (regs bo). Kies dan *Secure Services*.

2. Kies *Register* en tik u lidmaatskapnommer vir Sanlam se Sambreelfonds in. U lidmaatskapnommer is op u voordeelstaat beskikbaar. Alternatief kan u werkgewer u lidmaatskapnommer van die web aflaai vir u.

3. Bevestig u selnommer en voer u e-posadres in – kliek *Next*.

4. Kies ’n gebruikersnaam (*Username*). ’n Tydelike wagwoord (*Password*) sal na u selfoonnommer gestuur word.

5. Voer hierdie tydelike wagwoord in en verander u wagwoord omdat die tydelike wagwoord net een keer gebruik mag word.

Toep registrasie

1. Gaan na “Play Store” (Android) of “App Store” (Apple), soek vir die “Sanlam My Retirement App” en installeer dit.

2. Maak die toepassing oop en meld aan met dieselfde gebruikersnaam en wagwoord. Nou kan u begin rondsnuffel.

VOORDELE VAN REGISTRASIE

- Direkte kommunikasie met leraars wat fondsvoordele betref.
- Voordeelstate sal direk aan leraars gestuur word.
- Daaglikse besigtiging van fondswaardes.
- Interaktiewe toegang (skakeling tussen portefeuljes, byvoorbeeld).

Baie dankie byvoorbaat vir u samewerking.

Groete

(Geteken)
TP SMITH